Tema: Beleef jy die wonderlike voorreg om deel van die huisgesin van God te wees?

Lofprysing ter voorbereiding van die erediens
Ps. 48-1: 1, 4, 5
Lied 478: 1, 2

Ontmoetingsdiens
Intreelied: Ps. 122-1: 1
Votum: "[4]Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel. [5]Op die dag van gevaar sal die Here my wegsteek in sy huis, my veilig laat skuil in sy woonplek, my hoog op 'n rots laat staan"
Seën
Loflied Ps. 118-1: 1, 10, 11

Verootmoedigingsdiens
Wet: fokus op die 4 de gebod en HK Sondag 38
Sing Ps. 84-2: 1, 2
Gebed

Woorddiens
Skriflesing: Efesiërs 2: 11 - 22
Teks: Efes. 2: 19 – 22
Sing Sb 3-2: 1, 3, 4 (Mel. van Sb 18-6)
Woordverkondiging

Antwoorddiens
Sing staande Ps. 23-3: 3
Geloofsbelydenis: HK Sondag 21 vr. en antw. 54 en 55
Liefdegawes
Gebed
Sing Sb 18-7: 1, 2, 3, 4
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Brs en srs in die Here

Kan jy aan enige organisasie, owerheid, regering of instelling dink wat so lank as die kerk bestaan? Het jy al ooit daaraan gedink dat die kerk in sy Nuwe Testamentiese vorm al vir meer as twintig eeue bestaan. Ek het nie die beste algemene kennis nie, maar ek kan nie dink aan enige instansie of regering of instelling wat al so lank bestaan nie!

Die kerk oorleef regerings, koninkryke, die kom en gaan van nasies en volke. Die kerk oorleef oorloë en voortdurende onderlinge stryd tussen mense. Die kerk oorleef natuurrampe, droogtes, tsunami's, hongersnood, oorstromings en menslike uitwissing op welke wyse ook al!

Hoekom is dit so? (Vra antwoord uit die gemeente). Ja, want wie is die kerk? Die kerk is nie 'n organisasie of 'n instelling nie! Die kerk is nie gebonde aan regerings of leiersfigure of mense nie, die kerk is nie geboue en strukture wat deur oorloë verwoes kan word soos die antieke kerklike geboue wat nou deur ISIS met bomme plat geskiet kan word nie! Die kerk is mense, dit is ons! Maar nie sommer enige mense nie! Nee, mense in wie God Drie-enig woon en werk!

Die kerk is mense wat deel is van God se koninkryk – daar waar Hy oor hulle regeer en deur hulle werk! **Die kerk is ook God se huisgesin**. Mense wat Hy in besondere verhouding met Homself en met mekaar stel! 'n Liefdesverhouding van 'n Vader met sy kinders, van 'n oudste broer, Jesus, wat sy lewe vir sy ander broers en susters aflê sodat hulle altyd kinders van God kan bly! **Die kerk is God se woonplek hier op aarde** – Hy woon in elkeen van sy kinders en gesamentlik vorm hulle die huis en huisgesin van God

Dit is waarom die kerk vir so lank kan bestaan ongeag wat mense deur die eeue in hulle dwaasheid aanvang of wat in die gebroke natuur gebeur! Die kerk is God se werk! Die kerk deur alle eeue heen, uit alle volke, tale en nasies en deur alle denominasies heen. Kinders: die woord "denominasie" verwys na die bestaan van verskillend kerke soos bv. die Geref Kerk, die NG Kerk, die AGS, die Rooms Katolieke kerk. Metodiste kerk ens! Ons gemeente – Potchefstroom-Oos – is God se werk en daarom sal die gemeente bestaan solank as wat God haar hier wil gebruik!

En daarom dat die Here vanmore vir jou vra: Beleef jy die wonderlike voorreg om deel van die huisgesin van God te wees? Beleef jy die wonder dat God jou deel van sy gesin gemaak het en dat jy hier in die huisgesin van Potchefstroom-Oos deel kan wees?

Hoe beleef jy dit? Wat leef in jou hart oor die kerk van die Here? Die wêreld verag die kerk en daagliks lees mens van skerp kritiek op en afkeer van die kerk.

Daar is selfs gelowiges wat baie negatief staan teenoor die kerk en nie besef watter wonderlike voorreg dit is om deel te wees van die kerk as God se huisgesin nie.

Ons teksgedeelte openbaar ongelooflik baie oor wat God vir sy kerk doen en wat se plek die kerk vir God en sy gesin is. Kom ons kyk bietjie wat sê God oor sy kerk en wat dit vir elkeen van ons beteken! Stap saam met my deur die teks en beleef die wonder van wat God hier sê!

Die kerk is eerstens 'n plek van vrede en versoening met God.
God kom en maak vrede met sondaar mense! Vers 17 sê: "Toe Hy (dit is Christus) gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir dié wat naby was" . Die mense wat naby was, was die Joodse volk wie God van die begin af gekies het om in 'n noue verbintenis te leef want uit hulle sou Christus gebore was. Maar ook hulle was sondaar mense net soos die "mense wat ver" was, naamlik al die mens uit die ander volke en tale, **en Christus bring almal in vrede en versoening met God die Vader! Want alle mense is sondaars en daarom moes Christus met sy lewe en dood en opstanding uit die dood, vir die sonde van mense betaal, vir ons sonde betaal, sodat God nou nie meer kwaad vir ons is oor ons sonde en ons wil doodmaak nie – maar dat ons nou kinders van God kan wees – deel van sy gesin!**

Br en sr, liewe kinders, beleef jy nog die wonder dat ook al jou sonde vergewe word? Beleef jy die wonder dat Jesus ook vir jou ongehoorsaamheid, jou wegdwaling, jou liefdeloosheid en eie willigheid betaal het met sy bloed? Verstaan ek en jy nog die kosbaarheid van daardie offer wat Hy gebring het? Dat ons in vrede met God kan leef? Dat ons nie God se oordeel hoef te vrees nie! Dat ons vergifnis vir ons daaglikse sonde mag en kan vind? Dit is alleen die werk van God! As dit nie vir God se werk in Christus was nie, was ons in die verskriklikste toestand denkbaar: vyande van God! Mens wat God sou vernietig omdat mense God van nature haat!

Maar nou is ons kinders van God! Mens vir wie Hy lief is! Mense wat Hy graag wil vergewe en graag aan sy bors wil nadertrek om ons die seerkry van die sonde en die lewe te genees! **Wat 'n Godswonder op aarde!**

Die kerk is tweedens ook 'n plek van eensgesindheid met medegelowiges wat anders as ek is.
Daar was 'n geweldige skeiding tussen Jode en ander nasies! Soveel so dat mense wat nie Jode was nie, maar wel geglo het, op 'n ander plek in die tempel moes aanbid! Daar was letterlik 'n muur wat hierdie gelowiges van Joodse gelowiges geskei het! Maar toe kom Christus en met die vrede en versoening wat Hy tussen ons en God bewerk het, bewerk Hy ook vrede en eensgesindheid tussen mense! Hy breek die mure tussen mense af en maak ons een gesin!

Beleef jy hierdie wonderwerk? Dat mense wat so verskillend van mekaar is in een geestelike huisgesin kan saamleef? Mense uit verskillende agtergronde, met verskillende persoonlikhede en verskillende gawes? Mense met verskillende tale en uit verskillende rasse en volke! **Almal word een in God se huisgesin! Hier is ons broers en susters! Buite die kerk haat mense mekaar!** Daar word verskille gebruik om mense van mekaar te skei en selfs teenoor mekaar op te maak! Jy is praat Engels of Zoeloe en ek Afrikaans en daarom wil ek niks met jou te doen het nie! Ek is 'n Afrikaner en jy 'n Amerikaner of 'n Rus of Japannees en daarom wil ek nie saam met jou wees nie! Jy is ryk en ek is arm daarom wil ek nie deel van jou wees nie!

Nee, nie in die huisgesin van God nie! Hier is ons almal eensgesind met mekaar, al verskil ons ook hoe van mekaar! Want ons is deur Christus broers en susters gemaak! Daar is geen mure wat mense wil oprig wat in die kerk stand hou nie!

Br en sr, het al gedink oor die wonderwerk dat ander mense met jou in die kerk kan uithou? Dat ander mense jou aanvaar met al jou gebreke, jou sondes, jou liefdeloosheid, jou geite en jou nonsens? Nou ja, dan aanvaar ek en jy ook al die ander – hoe hulle ook al van ons verskil of wat ons ook al van hulle dink! D**it is 'n wonder van God dat mense mekaar kan aanvaar en eensgesind kan lee**f! Kyk maar net hoe gaan dit in die wêreld daar buite! Mense haat mekaar en mense verwoes mekaar se lewens!

Maar nie in die kerk nie! Want die kerk is in die derde plek ook 'n plek van liefdevolle verhoudinge tussen broers en susters. Die grootste gawe wat God aan sy gesin gegee het, is liefde! **Liefde wat warmte en omgee bring! Liefde van vergifnis en vrede tussen mense bring! Liefde soos 1 Kor. 13 dit beskryf:**
[4]Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. [5]Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. [6]Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. [7]Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. "

Br en sr en kinders, is dit hoe ek en jy liefde leef? Beleef jy ook die Godswonder dat mense so na jou kan kyk en jou so kan liefhê? **Is dit nie wonderlik dat ons soveel liefde, aanvaarding en vreugde in ons gemeentelike gesin kan beleef nie!**

Ek het hierdie wonder van God die afgelope week en gister weer so intens ervaar! Dat ons so in vrede en liefde saam kan werk en leef as gemeente! Het jy dit ook beleef?

Die kerk is vierdens ook ’n plek van veiligheid en beskerming deur ’n magtige Koning. Daarom sê die Here in ons teks dat ons nie soos buitelandse vreemdes in die kerk is wat geen regte en beskerming het nie! Ons is ook beter af vreemdelinge wat verblyfreg gekry het! Dit is die betekenis van die woord “bywoner”. **Nee, ons is burgers van God se koninkryk! Ons het al die voordele wat burgerskap bring! God beskerm ons teen sy vyande met al sy mag!** God lewer ons in die kerk nie uit aan onsself nie, nee, die Here beskerm ons met sy leërmag van engele! Die satan val ons gedurig aan, Hy wil God onttroon en God se regering verwoes en ons in die proses oorweldig! Maar God het beloof: die hel sal die kerk nooit oorweldig nie! God sal sy kerk beskerm en haar in stand hou tot die einde toe!

Beleef jy die wonder van God se beskerming teen die Bose? Hoe Satan ook vir jou aanval, jou fisies en geestelik tot ’n val wil bring met allerhande versoekinge en beproewinge. Hoe hy sy bose magte gebruik om jou fisies en geestelike seer te maak? **Wat ’n wonderlike voorreg dat God my en jou beskerm!** As jy die veilige grense van God se ryk verlaat en jou gaan begewe in die donker wêreld van sonde en bose magte, dan moet jy weet dat Satan soos ’n brullende leeu jou sal wil verskeur! Bly daarom in die veiligheid van God se beskerming! Dit is ’n Godswonder op aarde

Maar die kerk is ook meer as net ’n koninkryk! Dit is baie meer intiem en persoonlik as die grootheid van ’n Koning en sy ryk! **Die kerk is vyfdens ook ’n plek van liefdevolle versorging deur ‘n Vader. Ons is die huisgesin van God!** Die Here is jou Pa! Hy ken jou persoonlik en Hy sorg vir jou persoonlik! En ek en jy is boeties en sussies! Hy gee ook vir ons in die gesin broers en susters wat saam met ons leef en hulle ook oor jou ontferm! En jy jou ook hulle ontferm!

Beleef jy dit my broer en suster? Beleef jy die wonder om deel van hierdie gesin te kan wees! Waar God ook vir jou ’n huis gee, kos gee, versorging en verpleging gee! Waar jy kan feesvier en bly wees! Waar jy saam met ander familielede kan werk en die belange van ons huisgesin en van ons Pa versorg? Beleef jy dit? Dit is ’n Godswonder op aarde!

Geliefdes, beteken dit jou dat die kerk en ons gemeente ’n plek is waar volmaakte mense saam kom? Nee! Natuurlik is ons in Christus en deur Christus geheilig! Ons sonde word vergewe en ons is en sal altyd kinders van God wees! Maar ons lewe is nog vol gebreke! Daarom is die kerk ook ’n plek waar God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees steeds opbouwerk doen!

Die laaste metafoor van ons teks verduidelik dat die kerk ook ’n gebou is waarin God woon en waar gelowiges opgebou word tot ’n sinvolle lewe vir en diens aan God. Hierdie gebou is gebou op die fondament van die Woord! Dit is wat die verwysing na “die profete en apostels” beteken. Dit gaan nie oor hulle nie, maar

oor die Woord van God wat hulle gepreek het! Die Woord van God is die begin, die fondament van ons bestaan! Dit is waar God sy heerlike boodskap van redding verkondig en ons deel maak van sy bestaan!

Die hoeksteen van die kerk is Jesus Christus! Hy is die Woord! En Hy op Hom en deur Hom word die hele kerk gebou! Die hoeksteen was die steen wat hulle in die ou tyd eerste gelê en vanwaar die res van die fondament uitgelê was! Die kerk is op die verlossingwerk van Christus gebou! Daarom is ons gehoorsaam aan Christus – Hy regeer die kerk – nie mense nie! Ons leef in gehoorsaam aan ons Here!

En ons is die stene! Nie stene van klip nie maar lewende mense in wie die Heilige Gees woon en werk! En die werk aan ons is nog nie klaar nie! God is nog met elkeen van ons besig! Hy vorm ons sodat ons uiteindelik ’n heilige woonplek vir God kan wees! Daar is nog sonde en onvolmaaktheid in ons almal! Ons almal het nog meer liefde en gawes nodig! Ons moet almal nog groei tot die volheid van Christus!

Beleef jy ook die Godswonder dat die Here nog besig is met bouwerk aan jou lewe, br. en sr? Dat die Here jou nog vorm om nog meer soos Jesus te word leef? Dat die Here jou nog wys op sonde en stukkende plekke in jou lewe wat reggemaak moet word! **Moet dus nie besig wees om te kyk hoe skeef en krom die ander stene is wat saam met jou in die gebou van Potchefstroom-Oos opgebou word nie! Nee, onderwerp jou met geduld aan God se troffel en God se hamer!** Soos Hy jou wil vorm en gebruik! Verwonder jou oor die feit dat God die liefde as sement aan jou smeer en jou teen ander stene sit om so saam sy huis te bou! Dit is ’n Godswonder op aarde!

En laastens! Kyk bietjie rondom jou! Dink jy God is klaar met die bouwerk aan sy huis? Dink jy dat al die lede van die gesin al hier is? Wanneer het God gesê sal die bouwerk klaar wees? Wat is die betekenis van Jesus se woorde as Hy in Johannes 10: 16 sê: “Ek het nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook lei. Hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde wees met een herder.”

Die kerk is ook ’n plek waar daar gesoek word na boeties en sussies wat nog nie deel van die gesin is nie! Daar is nog stene wat rondlê op God se bouperseel! Stene wat ingebou moet word! Mense wat nog gaan haal moet word sodat God se huis klaar gebou kan word en God sy intrek in die klaar voltooide huis, met die volle getal in die huisgesin kan woon!

Beleef jy ook die voorreg om jou verlore boeties en sussies te soek? Is jy oor hulle bekommerd? Ek en jy wat so al die voorregte van die God se huis beleef, ons wat ons so kan verlustig en die vreugde kan ervaar om deel tel wees van God se gesin: leef daar by jou die begeerte dat ander ook hierin kan deel? Het jy al gedink

aan die Godswonder op aarde as jy iemand hier kan inlei en hy of sy die wonder van die lewe in God se huisgesin kan beleef! Kan jy die jou daardie gesig indink?

Geliefdes, ek en jy mag in Potchefstroom-Oos hiervan deel wees! Wat ’n wonderlike voorreg en vreugde! Wat ’n Godswonder op aarde! Kom ons vier fees oor ons lewe as huisgesin van God!
Amen

Sing staande Ps. 23-3: 3 en Geloofsbelydenis: HK Sondag 21 vr. en antw. 54 en 55